

Vrydag 16 Desember

Skrifgedeelte: Openbaring 14:1-5

Fokusgedeelte: Openbaring 14:1-5

Christus bewaar sy kerk wat weet Hy kom en wat by Hom wil wees

Sal die kerk van die Here bly bestaan teen die Sataniese drie se verleiding en vervolging (Op. 13:14, 15)? Die antwoord is ja, want Christus, die Lam van God, bewaar sy kerk. Honderd vier en veertigduisend, die simboliese getal vir God se uitverkorenes, is gemerk. Die naam van die Lam en ook sy Vader se Naam is op hulle voorkoppe geskryf (vs 1). Dit dui aan dat hulle aan Hom behoort, want die Lam het hulle verlos.

Johannes sien hulle in hierdie visoen waar hulle in die ewige teenwoordigheid van die Lam op Sionsberg leef, dit beteken in die hemel. Hulle was ook sy navolgers hier op aarde. Hulle is nie verlei tot onsedelikheid en hoerery nie en het hulle nie opgehou met valsheid en leuens nie. Hulle sing ook 'n nuwe lied, die lied van verlossing wat niemand anders as net hulle kan sing nie, omdat net hulle die ware verlossing ken (Op. 5:9).

Hierdie kykie in die hemel bied vir ons as gelowiges 'n wonderlike vertroosting te midde van verleiding, versoeking en vervolging, terwyl ons nog hier op aarde die stryd stry in afwagting op Christus se koms. Terselfdertyd is dit ook vir ons 'n waarskuwing om nie die mag van Satan te onderskat nie. Ons weet dat daar vandag baie valse Christusse rondgaan en mense verlei (Matt. 24:4, 5). Daarom moet ons volhard om weerstand teen die verleiding te bied en van die sonde weg te vlug. Dit is immers net die ware Christus wat verlossing bring.

Hy lei en versterk ons deur sy Gees en Woord om ook in ons fisiese nood op Hom te vertrou. So alleen kon ons voorvaders ook die stryd by Bloedrivier stry en oorwin.

Laat dit dan ook uit jou lewe duidelik wees op Wie jy jou vertrou stel en dat jy met verlange uitsien na sy koms.

Sing: Skrifberyming 24 (1-1):1, 2, 3

Ds. JB du Plessis (Jan) (emeritus)